

Erfenisstigting-argief

Verw. PV 34

**INVENTARIS VAN DIE
PANAGOS, DAVID-VERSAMELING**

Saamgestel deur: Petra Luus

Februarie 2021

Pretoria

Voorwoord:

David Christos Panagos is in Pretoria gebore. Sy pa was 'n Griekse handelaar en sy ma 'n Suid-Afrikaner. Hy voltooi sy skoolopleiding aan die Christian-Broers en later deur die Marizt-Broers in Durban. In die 1940's het hy by die Aktiewe Burgermag aangesluit. Hy was 'n seiner in 'n gepantserde motor tydens die begrafnisparade van Jan Smuts. In 1956 is hy met Ann getroud en twee seuns en 'n dogter is uit die huwelik gebore. Aanvanklik het Panagos as 'n ingenieur by die Suid-Afrikaanse Uitsaai korporasie gewerk. Daarna was hy werksaam by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en later by die satellietopsporingstasie by Olifantsfontein gedurende die maanlandings. Hy het ook by Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR) gewerk.

Panagos het in sy middeljare 'n verandering na argeologie en paleontologie gemaak en by die Transvaalmuseum gewerk. Hy het 'n groot algemene kennis van die Ystertydperk af tot die Anglo-Boereoorlog gehad. Hy was 'n jare lange lid van die "South African Military History Society" en het baie artikels oor militêre geskiedenis vir die vereniging se joernaal geskryf. Panagos is in 2008 oorlede.

Die grootse gedeelte van hierdie versameling bestaan uit foto's van argeologiese terreine wat blokhuse, forte en brûe insluit. Verder bevat die versameling ook publikasies, memorandumums en planne.

Bronne:

Internet: Obituary: David Panagos. <http://samilitaryhistory.org/vol144dp.html>.

Toegang: 18 Februarie 2021

Inhoudsopgawe:

Bl

1. Memorandums
2. Publikasies
3. Planne & Kaarte
4. Foto's

1
1
1
1